# Skrede
# na
# Christus

## Bybelstudiereeks



## Belydenis

5-16

**(1) WAT IS DIE VOORWAARDES VIR ONS, AS SONDAARS, OM GENADE TE VERKRY?**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

*Spreuke 28:13*

**Verwante Tekse:** 2 Kronieke 7:14; Lukas 15:18-24; Jeremia 3:12, 13

Die voorwaardes om genade van God te verkry, is eenvoudig en regverdig en redelik. Die Here vereis nie van ons om iets moeilik te doen sodat ons vergifnis van sonde kan hê nie. Ons het nie nodig om lang en moeisame pelgrimsreise te onderneem nie, of pynlike boetedoenings uit te voer, om ons siele by die God van die hemel aan te beveel nie of om te bieg oor ons oortredings nie; maar hy wat sy sonde bely en versaak, sal genade ontvang.

**(2) AAN WIE BEHOORT ONS ONS FOUTE TE BELY?**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

*Jakobus 5:16*

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

*Psalm 32:5*

**Verwante Tekse:** Psalm 38:18; 41:4; Mattheüs 5:24; Spreuke 28:13; 1 Johannes 1:8-10; Romeine 10:10; Jakobus 4:10

Die apostel sê, “Bely julle sondes teenoor mekaar, en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.” Bely u sondes aan God, wie alleen dit kan vergewe, en u foute aan mekaar. Indien u teenoor u vriend of buurman oortree het, moet u erken dat u verkeerd was, en dit is sy plig om u onvoorwaardelik te vergewe. Dan moet u die vergifnis van God soek, omdat die broer wat u gewond het, die eiendom van God is, en deur hom seer te maak het u teen sy Skepper en Verlosser gesondig. Die saak word voor die enigste ware Middelaar, ons groot Hoëpriester, gebring wie “in alle opsigte versoek was soos ons, maar sonder om te sondig,” en wie “aangeraak is met die gevoel van ons ongeregtighede,” en in staat is om ons te reinig van elke vlek van ongeregtigheid. Hebreërs 4:15.

**(3) IN WATTER TOESTAND MOET ONS HART EN GEES WEES TEN EINDE WARE VREDE EN NABYHEID AAN GOD TE ERVAAR?**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

*Psalm 34:18*

**Verwante Tekse:** Psalm 51:17; 69:32; 10:17; 147:3; Jesaja 61:1; 66:2; 57:15; Esegiël 36:26, 31

Diegene wat nie hulle siele voor God verneder het in erkenning van hulle skuld nie, het nog nie die eerste voorwaarde van aanvaarding vervul nie. Indien ons nie die bekering ervaar het wat nie van bekeer moet word nie, en nie met ware nederigheid van siel en gebrokenheid van gees ons sondes bely het nie, en ons ongeregtigheid verag, het ons nie waarlik gesoek vir die vergifnis van sonde nie; en indien ons nooit gesoek het nie, het ons nooit die vrede van God gevind nie. Die enigste rede waarom ons nie vergifnis van sonde

wat verby is het nie, is omdat ons nie gewilig is om ons harte te verneder en te voldoen aan die voorwaardes van die woord van waarheid nie.



**(4) HOE SPESIFIEK BEHOORT ONS BELYDENIS VAN SONDE TE WEES?**

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

*Levitikus 5:5*

**Verwante Tekse:** Levitikus 26:40; 6:4-7; Numeri 5:7; Josua 7:19; 1 Korinthiërs 11:28

Uitdruklike instruksie is gegee rakende hierdie saak. Belydenis van sonde, of dit openbaar of privaat is, behoort hartstogtelik en vrylik uitgespreek te word. Dit moenie van die sondaar afgedwing word nie. Dit moet nie op ‘n ligsinnige en onverskillige manier gedoen word nie, of geforseer te word van diegene wat geen besef het van die gruwelike aard van sonde nie. Die belydenis wat van die innerlike siel uitgestort word, vind sy weg tot die God van oneindige meegevoel. Die Psalmis sê, “Die Here is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees.” Psalm 34:19

Ware belydenis is altyd van ‘n spesifieke aard, en erken spesifieke sondes. Hulle mag van so ‘n aard wees dat dit slegs voor God gebring word; hulle mag verkeerde dinge wees wat aan individue bely behoort te word wat daardeur seergekry het; of hulle mag van ‘n openbare aard wees en behoort dan in die openbaar bely te word. Maar alle belydenis behoort definitief en tot die punt te wees, in erkenning van die presiese sonde waaraan u skuldig is.

**(5) WATTER SPESIFIEKE SONDE HET DIE KINDERS VAN ISRAEL BELY?**

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

*1 Samuel 12:19*

**Verwante Tekse:** Psalm 51:1-4; Deuteronómium 32:49-52

In die dae van Samuel het die Israeliete van God afgedwaal. Hulle het die gevolge gely van sonde; want hulle het hulle geloof in God verloor, hulle onderskeiding van Sy krag en wysheid om die nasies te regeer, hulle vertroue in Sy vermoë om Sy saak te verdedig en

te regverdig. Hulle het van die groot Heerser van die heelal weggedraai en verlang om regeer te word soos die nasies rondom hulle. Voordat hulle vrede gevind het, het hulle hierdie definitiewe belydenis gedoen: “Ons het by al ons sondes ook hierdie bygevoeg deur vir ‘n koning vir ons te vra.” Die presiese sonde waaraan hulle skuldig bevind is, moes hulle bely. Hulle ondankbaarheid het hulle siele neergedruk en hulle van God vervreem.

**(6) TEN EINDE VIR ONS BELYDENIS OM AANVAARBAAR TE WEES VIR GOD, WATTER DEEL MOET ONS VERVUL OM ONS OPREGTE BEGEERTE OM VERGIFNIS TE DEMONSTREER?**

_________________________________________________________________________
_________________________________________________________________________
_________________________________________________________________________

*Jesaja 1:16*

**Verwante Tekse:** Jakobus 4:8; Psalm 119:11; Titus 2:11-14; Sagaria 1:3; Handelinge 22:16; Jesaja 55:6, 7; Mattheüs 3:8; Amos 5:4, 15; Romeine 12:9

Belydenis sal nie vir God aanvaarbaar wees sonder opregte bekering en hervorming nie. Hulle moet vasbeslote veranderinge in die lewe wees; alles wat vir God beledigend is, moet weggesit word. Dit sal die gevolg wees van opregte berou vir sonde. Die werk wat ons van ons kant moet doen, word duidelik voor ons uiteengesit: “Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee.”Jesaja 1:16, 17. “Gee die goddelose die pand terug, vergoed hy wat geroof is, wandel hy in die insettinge van die lewe, sodat hy geen onreg doen nie – dan sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie.” Esegiël 33:15. Paulus sê, wanneer hy praat oor die werk van bekering: “”Want kyk, juis dit, dat julle bedroef geword het volgens die wil van God – wat ‘n groot ywer het dit in julle gewerk, ja, verantwoording, verontwaardiging, vrees, verlange, ywer, bestraffing. In alles het julle bewys dat julle in die saak rein is.” 2 Korinthiërs 7:11.

**(7) WANNEER DIT MOONTLIK IS, WAT BEHOORT ONS TE DOEN VIR DIEGENE WAT ONS TE NA GEKOM HET, BEDRIEG HET, OF SEERGEMAAK HET?**

_________________________________________________________________________
_________________________________________________________________________

*Esegiël 33:15*

**Verwante Tekse:** Lukas 19:8; Levitikus 6:2-5; Eegiël 18:7, 12, 16; Numeri 5:6-8; 1 Samuel 12:3; 2 Samuel 12:6; Mattheüs 5:24

**(8) WIE HET ADAM EN EVA GEBLAMEER VIR HULLE DADE, WAT HULLE BELYDENIS ONAANVAARBAAR VIR GOD GEMAAK HET?**

_________________________________________________________________________
_________________________________________________________________________

***Genesis 3:12***

_________________________________________________________________________
_________________________________________________________________________

*Genesis 3:13*

**Verwante Tekse:** Jakobus 1:13; Exodus 32:21-24; 1 Samuel 15:20-22; Spreuke 28:13

Wanneer sonde die morele persepsies doodgemaak het, onderskei die een wat verkeerd doen nie die tekortkominge van sy eie karakter nie en besef ook nie die enormiteit van die kwaad wat hy gepleeg het nie; en tensy hy toegee aan die oortuigende krag van die Heilige Gees, bly hy in gedeeltelike blindheid vir sy sonde. Sy belydenis is nie opreg en ernstig nie. Vir elke erkenning van sy skuld voeg hy 'n verskoning by vir sy saak, en verklaar dat as dit nie vir sekere omstandighede was nie, hy nie dit of dat sou gedoen het waarvoor hy bestraf is nie.

Nadat Adam en Eva van die verbode vrug geëet het, was hulle gevul met 'n gevoel van skaamte en vrees. Eerstens was hulle enigste gedagte oor hoe om hulle sonde te verskoon en die gewraakte straf van die dood vry te spring. Toe die Here uitgevra het oor hulle sonde, het Adam geantwoord, deur die skuld gedeeltelik op God en gedeeltelik op sy maat te pak: "Die vrou wat U my gegee het om by my te wees, het vir my van die boom gegee, en ek het geëet." Die vrou het die blaam op die slang gesit deur te sê, "Die slang het my bedrieg, en ek het geëet." Waarom het U die slang gemaak? Waarom het U toegelaat dat hy in Eden inkom? Hierdie was die vrae wat in haar verskoning vir haar sonde geïmpliseer was, en sodoende het sy God beskuldig met die verantwoordelikheid vir hulle val. Die gees van selfregverdiging het in die vader van leuens ontstaan en was deur al die seuns en dogters van Adam uitgebeeld. Belydenis van hierdie aard is nie geïnspireer deur die goddelike Gees nie en sal nie vir God aanvaarbaar wees nie.

**(9) HOE HET DIE TOLLENAAR HOMSELF BESKOU?**

________________________________________________________________________
________________________________________________________________________
________________________________________________________________________
________________________________________________________________________

*Lukas 18:13*

**Verwante Tekse:** Lukas 5:6; Esra 9:6; Psalm 40:12; Jesaja 6:5; Esegiël 16:63

Ware bekering sal 'n mens lei om sy skuld self te dra en dit te erken sonder misleiding of skynheiligheid. Net soos die arm tollenaar, wat nie eers sy oë na die hemel opgehef het nie, sal hy uitroep, "God wees my arme sondaar genadig," en diegene wat wel hulle skuld erken sal geregverdig word, want Jesus sal Sy bloed namens die belydende siel pleit.

**(10) WATTER SPESIFIEKE WOORD HET BEIDE PAULUS EN DAWID GEBRUIK WAT 'N AANDUIDING WAS VAN HULLE WARE BEROU OOR SONDE?**

________________________________________________________________________
________________________________________________________________________

*Handelinge 26:10, 11*

________________________________________________________________________
________________________________________________________________________

*Psalm 51:3,4*

**Verwante Tekse:** Psalm 32:5; 38:18; Lukas 15:18-21

**Voorbeelde van Opregte Belydenis:** Lukas 18:13, 14; 15:18-21; Psalm 51:3, 4; 2 Samuel 12:13; Daniël 9:3-12, 18; Jeremia 3:25

**Voorbeelde van Onopregte Belydenis:** Genesis 3:12, 13; 1 Samuel 15:22-26; Josua 7: 19-21

Die voorbeelde in God se woord van opregte bekering en vernedering openbaar ‘n gees van belydenis waarin daar geen verskoning vir sonde is of poging vir selfregverdiging nie. Paulus het nie probeer om homself te beskerm nie; hy het sy sonde in hulle donkerste kleur geverf en nie probeer om sy skuld te verminder nie. Hy huiwer nie om te verklaar dat “Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red; van wie ek die vernaamste is.”
1 Timotheüs 1:15.

**(11) OP WATTER WONDERLIKE BELOFTE KAN ONS AANSPRAAK MAAK INDIEN ONS OPREG JAMMER IS OOR ONS SONDE EN DIT AAN GOD BELY?**

_______________________________________________________________
_______________________________________________________________
_______________________________________________________________
_______________________________________________________________
_______________________________________________________________
_______________________________________________________________
_______________________________________________________________

*1 Johannes 1:9*

**Verwante Tekse:** Spreuke 28:13; Handelinge 3:19; Jeremia 33:8; Nehemia 9:17; 2 Kronieke 7:14; Hebreërs 7:25; Jesaja 43:25, 26; 1:18

Die nederige en gebroke hart, onderworpe aan opregte bekering, sal iets waardeer van die liefde van God en die koste van Golgota; en soos wat ‘n seun bely aan ‘n liefdvolle vader, so sal die ware berouvolle al sy sondes voor God bring.

*Ek loof die Here wat my die gawe van bekering gee en ek maak die keuse om Sy leiding te volg en om my sondes te bely en te versaak.*

**Omsirkel asseblief: Ja Besluiteloos**

*Ek verstaan dat ten einde genade te ontvang en die ware vrede in my hart te hê waarna ek verlang, moet ek my spesifieke sonde aan God bely, en wanneer dit moontlik is, ook aan die een wie ek te na gekom het.*

**Omsirkel asseblief: Ja Besluiteloos**

*Soos wat ek studeer en nader aan Christus kom, besef ek dat in my verlede daar diegene is wat ek te na gekom het, bedrieg het, of seergemaak het. Deur God se genade beloof ek om, sover as moontlik, dinge reg te maak.*

**Omsirkel asseblief: Ja Besluiteloos**

*Ek vra Sy kosbare bloed om die baie oortredings wat ek teen Hom begaan het en diegene wie Hy geskape het, te bedek.*

**Omsirkel asseblief: Ja Besluiteloos**

*My gebed is dat wanneer ek wegdwaal van Sy pad, God sal aanhou om my die gawe van bekering te gee en my te lei om my sondes te bely sodat ek in die pad van geregtigheid kan wandel om Sy Naam ontwil.*

**Omsirkel asseblief: Ja Besluiteloos**

Maak asseblief fotostate of laai dit af van ons webtuiste en deel met andere!

Hierdie reeks mag nie verander of verkoop word sonder die geskrewe toestemming van die Uitgewer nie en hierdie kopiereg kennisgewing moet op elke opvolgende afskrif bly.

Bible study format (C) Merlin Beerman – www.RevelationPublications.com

Inhoud Aangepas uit ***Skrede na Christus*** deur E.G. White. Enige uitlatings uit die oorspronklike inhoud was gedoen om oortollilgheid met die antwoorde te voorkom.
Illustrations (C) Goodsalt – www.goodsalt.com

**Gedruk in die V.S.A. deur Light Bearers Ministry – www.lbm.org**